# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY | UITGAWE OP GESAG

20c | Thursday 28 June 1979 | WINDHOEK | Donderdag 28 Junie 1979 | No. 3984


CONTENTS:


Page

**GOVERNMENT NOTICES:**

No. AG. 53 Dairy Industry Control Board: Prices of Creamery Butter 1

No. AG. 54 Dairy Industry Control Board: Prices of Factory Cream 3

No. AG. 55 Dairy Industry Control Board: Prices of Factory Cheese 3

No. AG. 56 Dairy Industry Control Board: Prices of Factory Milk 5


INHOUD:


*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:**

No. AG. 53 Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid: Pryse van Fabrieksbotter 1

No. AG. 54 Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid: Pryse van Fabrieksroom 3

No. AG. 55 Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid: Pryse van Fabriekskaas 3

No. AG. 56 Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid: Pryse van Fabrieksmelk 5


## Government Notices

office of the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 53 1979

DAIRY INDUSTRY CONTROL BOARD: PRICES OF CREAMERY BUTTER

In terms of the provisions of section 12(3) of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), it is hereby made known that the Dairy Industry Control Board has, under section 10(c) of the said Ordinance, with the approval of the Administrator-General and with effect from 1 July 1979, determined the prices of creamery butter set out in the Schedule in substitution of the prices published by Government Notice AG. 23 of 1978 which is hereby repealed with effect from the same date.

## Goewermentskennisgewings

kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 53 1979

RAAD VAN BEHEER OOR DIE SUIWELNYWERHEID: PRYSE VAN FABRIEKSBOTTER

Ingevolge die bepalings van artikel 12(3) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), word dit hierby bekend gemaak dat die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid kragtens artikel 10(c) van genoemde Ordonnansie, met die goedkeuring van die Administrateurgeneraal en met ingang van 1 Julie 1979, die pryse van fabrieksbotter in die Bylae uiteengesit, bepaal het ter vervanging van die pryse afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 23 van 1978 wat hierby met ingang van dieselfde datum herroep word.

## SCHEDULE

1. In this notice, unless the context indicates otherwise, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), shall have a corresponding meaning.

2. No creamery butter manufacturer shall sell creamery butter of any grade at a price other than the fixed price indicated hereunder for the grade concerned —

(a) choice grade .............................. 228c per kg;

(b) table grade ............................... 222c per kg;

(c) household grade ......................... 216c per kg:

Provided that creamery butter bearing the registered trade mark "Erica" packed by the manufacturer thereof in packets containing 50 gram and 100 gram net of such butter, shall not be sold at any other price than the fixed price of 246c and 236 per kg, respectively.

3. Subject to the provisions of paragraph 2, no person shall sell creamery butter of any grade at a price exceeding the maximum price indicated hereunder for the grade concerned —

(a) choice grade .............................. 240c per kg;

(b) table grade ............................... 234c per kg;

(c) household grade ......................... 228c per kg:

Provided that —

(i) creamery butter bearing the registered trade mark "Erica" packed by the manufacturer thereof in packets containing 50 gram and 100 gram net of such butter, shall not be sold at a price above 13c and 25c per packet, respectively;

(ii) at any place other than Gobabis, Otjiwarongo, Uchab, Walvis Bay and Windhoek the actual transport costs by rail or motor transport or by rail and motor transport from the nearest wholesale supplier may be added to the said price.

## BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Geen fabrieksbottervervaardiger mag fabrieksbotter van enige graad verkoop teen 'n ander prys as die vaste prys hieronder aangedui vir die betrokke graad nie —

(a) keurgraad .................................. 228c per kg;

(b) tafelgraad .................................. 222c per kg;

(c) huisgraad.................................... 216c per kg:

Met dien verstande dat fabrieksbotter wat deur die vervaardiger daarvan onder die geregistreerde handelsmerk "Erica" verpak is, in pakkies wat 50 gram en 100 gram netto van sodanige botter bevat, nie teen 'n ander prys as die vaste prys van onderskeidelik 246c en 236c per kg verkoop mag word nie.

3. Behoudens die bepalings van paragraaf 2, mag niemand fabrieksbotter van enige graad verkoop teen 'n hoër prys as die maksimum prys hieronder aangedui vir die betrokke graad nie —

(a) keurgraad .................................. 240c per kg;

(b) tafelgraad .................................. 234c per kg;

(c) huisgraad.................................... 228c per kg:

Met dien verstande dat —

(i) fabrieksbotter wat deur die vervaardiger daarvan onder die geregistreerde handelsmerk "Erica" verpak is in pakkies wat 50 gram en 100 gram netto van sodanige botter bevat, nie teen 'n hoër prys as onderskeidelik 13c en 25c per pakkie verkoop mag word nie;

(ii) op enige plek behalwe Gobabis, Otjiwarongo, Uchab, Walvisbaai en Windhoek die werklike vervoerkoste per spoor of padmotordiens of per spoor en padmotordiens vanaf die naaste groothandelsverskaffer by genoemde prys gevoeg mag word.

No. AG. 54 1979

## DAIRY INDUSTRY CONTROL BOARD: PRICES OF FACTORY CREAM

In terms of the provisions of section 12(3) of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), it is hereby made known that the Dairy Industry Control Board has, under section 10(c) of the said Ordinance, with the approval of the Administrator-General and with effect from 1 July 1979, determined the prices of factory cream set out in the Schedule in substitution of the prices published by Government Notice AG. 22 of 1978 which is hereby repealed with effect from the same date.

### SCHEDULE

1. In this notice, unless the context indicates otherwise, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), shall have a corresponding meaning.

2. No person shall sell or purchase factory cream of any grade at a price other than the fixed price indicated hereunder for the grade concerned —

(a) choice grade .................. 220c per kg butterfat contained in such cream;

(b) table grade .................... 214c per kg butterfat contained in such cream;

(c) household grade — 208c per kg butterfat contained in such cream.

No. AG. 54 1979

## RAAD VAN BEHEER OOR DIE SUIWELNYWERHEID: PRYSE VAN FABRIEKSROOM

Ingevolge die bepalings van artikel 12(3) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), word dit hierby bekend gemaak dat die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid kragtens artikel 10(c) van genoemde Ordonnansie, met die goedkeuring van die Administrateur-generaal en met ingang van 1 Julie 1979, die pryse van fabrieksroom in die Bylae uiteengesit, bepaal het ter vervanging van die pryse afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 22 van 1978 wat hierby met ingang van dieselfde datum herroep word.

### BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Niemand mag fabrieksroom van enige graad verkoop of aankoop teen ' n ander prys as die prys hieronder aangedui vir die betrokke graad nie —

(a) keurgraad ......................220c per kg bottervet in sodanige room;

(b) tafelgraad ..........................214c per kg botter in sodanige room;

(c) huisgraad.......................280c per kg bottervet in sodanige room.

No. AG. 55 1979

## DAIRY INDUSTRY CONTROL BOARD: PRICES OF FACTORY CHEESE

In terms of the provisions of section 12(3) of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), it is hereby made known that the Dairy Industry Control Board has, under section 10(c) of the said Ordinance, with the approval of the Administrator-General and with effect from 1 July 1979, determined the prices of factory cheese set out in the Schedule in substitution of the prices published by Government Notice AG. 20 of 1978 which is hereby repealed with effect from the same date.

No. AG. 55 1979

## RAAD VAN BEHEER OOR DIE SUIWELNYWERHEID: PRYSE VAN FABRIEKSKAAS

Ingevolge die bepalings van artikel 12(3) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), word dit hierby bekend gemaak dat die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid kragtens artikel 10(c) van genoemde Ordonnansie, met die goedkeuring van die Administrateur-generaal en met ingang van 1 Julie 1979, die pryse van fabriekskaas in die Bylae uiteengesit, bepaal het ter vervanging van die pryse afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 20 van 1978 wat hierby met ingang van dieselfde datum herroep word.

SCHEDULE

1. In this notice, unless the context indicates otherwise, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), shall have a corresponding meaning.

2. No factory cheese manufacturer shall sell factory cheese of the Cheddar and Gouda types of any grade at a price other than the fixed price indicated hereunder for the grade concerned —

(a) first grade................................250c per kg;

(b) second grade.............................240c per kg;

(c) third grade................................230c per kg:

Provided that —

(i) in the case of whole uncut cheeses of the Gouda type weighing less than one kilogram each an amount of 29c per kg may be added to the said prices;

(ii) in the case of Cheddar cheese specially matured by the manufacturer and covered in red wax an amount of 28c per kg may be added to the said prices;

(iii) in the case of Cheddar cheese specially matured by tne manufacturer which is not covered in red wax an amount of 23c per kg may be added to the said prices.

3. Subject to the provisions of paragraph 2, no person shall sell factory cheese of the Cheddar and Gouda types of any grade at a price exceeding the maximum price indicated hereunder for the grade concerned —

(a) first grade................................268c per kg;

(b) second grade.............................258c per kg;

(c) third grade................................248c per kg:

Provided that —

(i) in the case of whole uncut cheeses of the Gouda types weighing less than one kilogram each an amount of 29c per kg may be added to the said prices;

(ii) in the case of Cheddar cheese specially matured by the manufacturer no maximum prices shall apply;

(iii) at any place other than Otjiwarongo, Walvis Bay and Windhoek the actual transport costs by rail or motor transport or by rail and motor

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Geen fabriekskaasvervaardiger mag fabriekskaas van die Cheddar- en Gouda-tipes van enige graad verkoop teen 'n ander prys as die vaste pryse hieronder aangedui vir die betrokke graad nie —

(a) eerste graad..............................250c per kg;

(b) tweede graad............................240c per kg;

(c) derde graad..............................230c per kg:

Met dien verstande dat —

(i) in die geval van heel ongesnyde kase van die Gouda-tipe wat minder as een kilogram elk weeg 'n bedrag van 29c per kg by genoemde prys gevoeg mag word;

(ii) in die geval van Cheddarkaas wat deur die vervaardiger spesiaal rypgemaak en met rooi was bedek is, 'n bedrag van 28c per kg by genoemde pryse gevoeg mag word;

(iii) in die geval van Cheddarkaas wat deur die vervaardiger spesiaal rypgemaak en nie met rooi was bedek is nie, 'n bedrag van 23c per kg by genoemde pryse gevoeg mag word.

3. Behoudens die bepalings van paragraaf 2, mag niemand fabriekskaas van die Cheddar- en Gouda-tipes van enige graad verkoop teen 'n hoër prys as die maksimum prys hieronder aangedui vir die betrokke graad nie —

(a) eerste graad..............................268c per kg;

(b) tweede graad............................258c per kg;

(c) derde graad..............................248c per kg:

Met dien verstande dat —

(i) in die geval van heel ongesnyde kase van die Gouda-tipe wat minder as een kilogram elk weeg 'n bedrag van 29c per kg by genoemde pryse gevoeg mag word;

(ii) in die geval van Cheddarkaas wat deur die vervaardiger spesiaal rypgemaak is geen maksimum pryse van toepassing is nie;

(iii) op enige plek buiten Otjiwarongo, Walvisbaai en Windhoek die werklike vervoerkoste per spoor of padmotordiens of per spoor en padmotor-

transport from the nearest wholesale supplier may be added to the said price.

diens vanaf die naaste groothandelsverskaffer by genoemde prys gevoeg mag word.

No. AG. 56 1979

## DAIRY INDUSTRY CONTROL BOARD: PRICES OF FACTORY MILK

In terms of the provisions of section 12(3) of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), it is hereby made known that the Dairy Industry Control Board has, under section 10(c) of the said Ordinance, with the approval of the Administrator-General and with effect from 1 July 1979, determined the prices of factory milk set out in the Schedule in substitution of the prices published by Government Notice AG. 21 of 1978 which is hereby repealed with effect from the same date.

### SCHEDULE

1. In this notice, unless the context indicates otherwise, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance 29 of 1962), shall have a corresponding meaning.

2. No person shall sell or purchase factory milk at a price other than at 730c per 100 kg of factory milk, plus 220c per kg butterfat contained in such milk.

No. AG. 56 1979

## RAAD VAN BEHEER OOR DIE SUIWELNYWERHEID: PRYSE VAN FABRIEKSMELK

Ingevolge die bepalings van artikel 12(3) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), word dit hierby bekend gemaak dat die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid kragtens artikel 10(c) van genoemde Ordonnansie, met die goedkeuring van die Administrateur-generaal en met ingang van 1 Julie 1979, die pryse van fabrieksmelk in die Bylae uiteengesit, bepaal het ter vervanging van die pryse afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 21 van 1978 wat hierby met ingang van dieselfde datum herroep word.

### BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie 29 van 1962), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Niemand mag fabrieksmelk verkoop of aankoop teen 'n ander prys as teen 730c per 100 kg fabrieksmelk, plus 220c per kg bottervet in sodanige melk.

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika